

EKURHULENI NORTH

Junie 2016
Graad 04
Afrikaans HT

ALGEMENE ASSESSERINGSTAAK

AFRIKAANS HUISTAAL

JUNIE 2016

GRAAD 04

Naam: _____ Graad: 4 _____

INSTRUKSIES EN INFORMASIE

Die vraestel bestaan uit twee afdelings.

AFDELING A: LEESBEGRIP (25)

AFDELING B: TAALLEER (15)

TYD: 1 UUR PUNTE: 40

Lees die vrae mooi en aandagtig deur.

Dink voordat jy die vrae beantwoord.

Skryf netjies en leesbaar.

Sterkte!

Afdeling A : Leesbegrip

Lees die volgende teks en beantwoord die vrae wat volg.

EKURHULENI NORTH

Junie 2016
Graad 04
Afrikaans HT

1. “Hier gaan ons doodvries!” het Anna Pieterse vir haar man Fred gesê nadat ‘n onverwagte sneeustorm hulle buite hulle huis vasgekeer het. Gelukkig het hulle ‘n baie **goeie** vriend gehad wat hulle seker gehoor het. Hierdie vriend was egter baie anders as wat ‘n mens sou verwag.
2. Anna en haar man was besig om beseerde voëls wat deur die sneeu oorval is te versorg. Skielik was daar ‘n harde geluid en van die swaar bome het oor die pad na hul huis geval. Anna en Fred het nie geweet wat om te doen nie. Hulle was te oud en nie sterk genoeg om vir hulle ‘n pad deur die sneeu te maak nie. Dit was ook te **gevaarlik** om ‘n pad deur die sneeu te probeer maak. “Ons het toe maar styf teen mekaar gesit om warm te bly en het gehoop dat iemand ons sou help voordat ons **verkluim**. Toe verskyn ons beste vriend Shana.
3. Shana is ‘n **Duitse herdershond** wat ons gered het toe sy nog ‘n klein hondjie was. Haar eienaar het haar weggegooi en ons het tjankgeluidjies gehoor toe ons gaan stap het. By nadere ondersoek het ons die allerliefste hondjie ontdek. Ons het haar hui toe geneem en gaan bad. Van daardie dag af het Shana ons oral gevolg.
4. Shana het ons net een kyk gegee en toe ‘n tunnel begin grawe tot by ons huis. Sy het woes begin blaf asof sy wou sê ons moet haar volg. Ons was te bang om dit te doen en nog bome kon dalk omval. Shana het Anna toe op haar rug getel. Fred het aan sy vrou se bene vasgehou en Shana het stadig deur die tunnel gekruip. Sy het aanhou beweeg tot ons veilig by die huis was. Sy was ons heldin.



1. Gee ‘n **geskikte titel** vir bogenoemde leesstuk. Waarom het jy hierdie titel gekies?

(2)

2. Watter twee diere **noem** hulle in die leesstuk.

EKURHULENI NORTH

Junie 2016
Graad 04
Afrikaans HT

(2)

Omkring die letter van die regte antwoord.

3. Watter woorde beskryf Shana die beste?

- A Bang, klein hondjie.
 - B Bang, liefdevolle hond.
 - C Dapper, liefdevolle hond.
 - D Bang, kwaai hond
- (1)

4. Wat was Shana se base se name?

(2)

5. Waar het hulle vir Shana gekry?

(1)

6. Dink jy Shana was 'n goeie of 'n slegte hond? Gee 'n rede vir jou antwoord.

(2)

1.7 Kies die die **korrekte woord** om die sin te voltooi.

onder / tot / by / deur

Shana het Fred en Marie 1.7.1 _____ die tonnel gevat

1.7.2 _____ by hulle huis. (2)

1.8 Watter seisoen was dit?

(1)

9. Gee 'n **sinoniem** (woord wat dieselfde beteken) uit die leesstuk vir "doodgaan van die koue."

EKURHULENI NORTH

Junie 2016
Graad 04
Afrikaans HT

(1)

1.10 Gee 'n **antoniem** (woord met die teenoorgestelde betekenis) uit die leesstuk vir die word - veilig.

(1)

1.11 Wat sou jy gedoen het as jy in die sneeu vasgeval het en nie kon uitkom nie?

(2)

1.12 Watter **tipe** hond is Shana? (paragraaf 4)

(1)

1.13 Is die volgende sin **waar of onwaar**?

Shana was 'n goeie vriend vir haar baas.

(1)

1.14 Skryf die gebeure in die regte **volgorde** deur dit in te vul in di antwoord kolom. (4)

A	Antwoord
1. Die swaar bome het op die pad geval.	
2. Fred en Anna het in die sneeu vasgeval.	
3. Fred en Anna het die beseerde voëls gehelp.	
4. Shana het hulle deur die tunnel gehelp tot by die huis.	

1.15 Gee die **intensiewe vorm** van baie koud.

(1)

1.16 Maak 'n **verklarende sin** met die volgende word: **heldin**.

EKURHULENI NORTH

Junie 2016
Graad 04
Afrikaans HT

(1)

Totaal Afdeling A: 25

Afdeling B: Taalstrukture

2.1 Skryf
naamwoorde uit
die bome beskryf.



byvoeglike
paragraaf 2 neer wat

(1)

2.2 Rangskik die volgende woorde in **alfabetiese volgorde**:
honde; hoenders; bome; sneeu

(2)

EKURHULENI NORTH

Junie 2016
Graad 04
Afrikaans HT

3. Verdeel die volgende woorde in lettergrepe:

2.3.1 verkleim: _____

2.3.2 gevaarlik: _____ (2)

2.4 Gee die **trappe van vergelyking** vir die volgende woord.

a) oud ; _____ (2)

2.5 Bestudeer die volgende sin noukeurig. Voltooi dan die tabel deur die verskillende **woordsoorte** in die regte kolom in te vul.

Fred en Marie koop vir hul hond 'n heerlike been.

Eienaam	Werkwoord	Soortnaam

(3)

6. Verander die sin na die **ontkennende vorm**.

Shana is 'n Duitse herdershond.

_____ (2)

2.7 Gee die **manlike en vroulike vorme** vir 'n hond

_____ (2)

2.8 Gee die **meervoud** van die volgende word:

EKURHULENI NORTH

Junie 2016
Graad 04
Afrikaans HT

a) dag: _____ (1)

Totaal Afdeling B: 15

Groottotaal: 40

Geniet die vakansie!

